

22 Oktober

Filippense 4:2-9; (Teks: 4:8)

Gelowiges dink altyd positief

Dit blyk dat die media van vandag daarop uit is om negatiewe nuusberigte deur te gee. 'n Mens hoor net van sake wat skeef geloop het, byvoorbeeld: bendegegeweld, moord op onskuldige mense, korrupsie, diefstal, gewapende roof, ens. Hierdie negatiewe beriggewing kan 'n mens se hele lewe maklik negatief stem. Ons hoor maar selde van die positiewe dinge wat in ons land gebeur. Inherent is dit seker ons eie skuld want ons koop die koerante en tydskrifte wat hierdie negatiewe en sensasionele dinge aan ons voorhou.

In Spreuke 4:23 staan: "Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan want dit bepaal jou hele lewe". Ons moet dus versigtig wees wat in ons hart, dit wil sê ons binneste - ons gedagtes - aangaan, want dit bepaal ook hoe ons leef. Dit is tog so dat as ons die negatiewe en verkeerde dinge bedink, dan is ons lewe ook negatief en doen ons later die verkeerde.

Daarom dat Paulus die opdrag gee in ons teksvers om die mooie en positiewe te bedink, want dan sal ons lewe ook so wees. As verlostes in Christus het ons mos rede om 'n positiewe lewe te lei. Jesus het ons van die ewige dood kom verlos en aan ons 'n vrede gegee wat alle verstand te bowe gaan, sodat ons positief kan wees, ten spyte van die grootste negatiewe omstandighede. Kom ons haal daarom die negatiewe dinge uit ons gedagtes uit en konsentreer deur die krag van die Heilige Gees daarop om die positiewe te bedink.

Sing: Psalm 33:1, 2

Ds. M.A.F. Kruger (Wapadrant)